



LAERSKOOL LOUIS LEIPOLDT

Graad een Akademiese kwartaalprogram (yskasbrief)

Tema: Huise



Geagte Ouers

Welkom terug na 'n kort rustydjie. Maak asb. seker dat u kind al die nodige skryfbehoeftes het. Leerders moet asb. nie onnodig afwesig wees nie. Leerders wat gereeld afwesig is, moet 'n dr's brief toon as hulle afwesig was en ouers moet 'n nota in die onthouboekie skryf. Gereelde afwesighede sonder sieknotas word nie aanvaar nie. **Skool begin stiptelik om 07:30.** Laatkommers beïnvloed die neem van die register. (Leerders moenie laat wees vir skool nie.) Belangrike assessering begin al in die tweede week.

Week 1: 6 - 9 Oktober

- ♥ Huiswerk word Dinsdag uitgedeel. Merk dit asseblief en handig Vrydag in.
- ♥ Afrikaanse en Engelse speltoetse word Vrydag geskryf.

♥ Afrikaans:

- Spelling: **kous, hou, wou, hoe, wie, waar, die, se, te, vir**
- Lees die leeskaart in die huiswerkboek.
- Leerders moet bekende woorde vlot kan lees.
- Dubbelklanke: **ie, oe, ou en oo** word hersien.
- Rympie: Ons huis is groot.
- Leerders praat oor hulle huise.
- Sinsbou: teenwoordige- en verlede tyd sinne met dubbelklanke..
- Bekende woorde moet reg gespél wees as leerders sinne maak.
- Hoofletter en punt is belangrik en mag nie meer vergeet word nie.
- Bespreek hoofkarakter en hoofgedagtes van stories.
- Mila Mier: Word klassikaal gelees.

♥ Wiskunde:

- Groepe van 2, 5 en 10.
- Getal 16 kombinasies.
- Halveer en verdubbel 16.
- Getalbewerkings
- Getalpatrone
- Volume



♥ Engels:


- Spelling: **get, set, met, let, bet.**
- Letterland: **Golden Girl.**

♥ Lewensvaardigheid:


- Bespreek verskillende soorte huise.
- Kuns: 3D huisie van papier.

Maak jou brein slimmer:

Ruimtelike oriëntasie:



Teken dieselfde skets aan die regterkant van die prentjie. Herinner u kind om die kolle te tel sodat hulle op die regte kol begin en eindig.



Week 2: 12 - 16 Oktober

- ♥ Huiswerk word Maandag uitgedeel. Merk dit asseblief en handig Vrydag in.
- ♥ Afrikaanse en Engelse speltoetse word Vrydag geskryf.
- ♥ ***Assessering vind deurlopend plaas.***

♥ Afrikaans:

- Spelling: **muis, huis, luis, vuil, vuis, uil, muil, ruik, puik, suig**
- Lees die leeskaart in die huiswerkboek.
- Leerders moet selfstandig vir 'n maat kan lees.
- Gebruik klankkennis tydens lees.
- Fokus op vlotheid en begrip.
- **ui**-Klank: Woorde lees en sinne skryf.
- Vorm meervoude met bekende woorde.
- Begin sinne met hoofletter en eindig met 'n punt.
- Bekende woorde moet reg gespel wees as leerders sinne maak.
- Rympie : Wippie en Snippie.
- Luister na 'n storie en plaas prente in logiese volgorde.
- Handskrif: fokus op vorming van **j, y en g** hoof- en kleinletters.
- Mila Mier word klassikaal gelees.

♥ Wiskunde:

- Groepe van 2, 5 en 10.
- Getal 17 kombinasies.
- Getalbewerkinge
- Getalpatrone
- Volume
- Probleemoplossing

♥ Engels:


- Letterland: Oscar Orange.
- Spelling: **man, pan, tan, can, fan**
- Identify initial sounds in spelling words.

♥ Lewensvaardigheid:

- Bespreek boumateriale.
- Kuns: Ndebele huis




Maak jou brein slimmer:



Ouditiewe diskriminasie asook sintese en analise:

Gebruik u kind se spelwoorde of 'n mengsel van die spelwoorde wat tot dusver aangeleer is. Laat u kind een woord spel en gebruik dan rymwoorde om klanke wat verskil of eenders is te isoleer, bv. is doek en soek dieselfde woord? Watter gedeelte van die woord is anders? U kind sal dan antwoord die s en d aan die begin van die woord. Alternatiewelik kan u vra dat u kind die woord doek moet klank. Nadat u kind die woord geklank het, vra hom/haar as jy die woord **soek** moet spel, watter letter in die vorige woord sal verander word?



Baie dankie vir u positiewe samewerking.

Graadeen Personeel